DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 22

Vers 1

En hy het my getoon ’n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.

- Die “hy” is nog die engel wat vir Johannes die stad – die nuwe Jerusalem – wys.
- In die stad vloei daar ’n suiwer rivier van die water van die lewe.
- Die rivier is suiwer, want die bron is suiwer – dit stroom uit die troon van God en van die Lam.
- Hierdie rivier herinner aan die rivier in die destydse tuin van Eden wat die tuin natgemaak het (Gen 2:10).
- Esegiël het van so ’n rivier geprofeteer – ’n rivier waarvan die water so lewewekkend is dat dit selfs die Dooie See se water vars maak (Eseg 47:1-12).
- Die water het hierdie lewewekkende eienskap omdat dit van God en die Lam af kom en Hulle het die lewe in Hulleself.

Vers 2

In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.

- Dit klink asof die straat en die rivier parallel aan mekaar loop in die stad.
- En tussen die straat en die rivier staan die boom van die lewe.
- Esegiël se profesie oor die rivier en die boom van die lewe klink so:

  En by die stroom sal aan altwee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke maand sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan—uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees. (Esegiël 47:12 AFR1953)
- Die boom van die lewe herinner aan die boom van die lewe in die destydse tuin van Eden.
- Aan die oorwinnende gelowiges is die vrugte van hierdie boom belowe:

  Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is. (Openbaring 2:7 AFR1953)
- Die verhouding tussen die gelowiges en God is nou volmaak herstel; hulle mag van die boom van die lewe eet.
- Daar sal nie meer tyd wees in die nuwe Jerusalem nie, want die ewigheid het aangebreek.
- Daarom sal daar ook nie meer seisoene wees soos wat ons dit nog ken nie.
- Daar sal altyd vrugte aan die boom van die lewe wees.
- Die blare is tot genesing van die nasies.
- Hiermee word nie bedoel dat daar weer genesing of bekering vir die nasies nodig is nie.
- Dié woorde beklemtoon dat alle gevolge van die sonde weg is, soos dit reeds genoem is in Openbaring 21:4.

Vers 3-5

En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

- Aangesien daar nie meer sonde op die nuwe aarde is nie, is daar ook nie meer vervloeking nie.
- Vervloeking is God se oordeel soos dit gebeur na die sondeval.
- Die slang is vervloek en die aarde is vervloek weens die sonde van die mens.
- Die troon van God en die Lam sal in die stad wees.
- Hierdie volmaakte teenwoordigheid van God en die Lam in die stad is die hoogtepunt van die lewe op die nuwe aarde.
- Al die ander dinge – versorging, genesing, lewe en sekuriteit – is ’n bonus.
- Die gelowiges is gered om God en die Lam te dien.
- Gewillig en met oorgawe sal hulle God dien en aanbid sonder ophou.
- Hierdie diens sal net een groot vreugde wees en nie ’n las nie.
- Gelowiges sal volmaak wees, want hulle sal die aangesig van God sien.
- As sondaars op die ou aarde kon gelowiges God nie sien en bly lewe nie.
- Die verlostes op die nuwe aarde sal egter die voorreg hê om die aangesig van God te sien.
- Hierdie verwagting word in die Bybel reeds in die vooruitsig gestel. Sien Matteus 5:8; Hebreërs 12:14; 1 Johannes 3:2.
- Die verlostes sal die Naam van God op hulle voorhoofde hê.
- Die verlostes is gemerk sodat almal mag weet dat hulle aan die Here behoort (Open 3:12; 7:3).
- Weer word gesê wat vroeër gesê is: Daar is nie meer nag nie, en daar is nie ’n lamp of sonlig nie, omdat God hulle verlig.
- Die nuwe verhouding van die gelowiges met God word beklemtoon – sonde (nag) is nie meer in die gelowiges nie en die verhouding tussen hulle en God is so volmaak dat God hulle verlig.
- Die heerlikheid van God en die Lam straal uit die verlostes uit.
- Die verlostes regeer saam met Christus as konings tot in ewigheid.

Openbaring 22:6-21

Inleidend

In die laaste 16 verse van die boek Openbaring is daar verskeie sprekers aan die woord. Hierdie sprekers is die engel wat vir Johannes alles gewys het, Christus self, Johannes en ook die gelowiges.

In die woorde van die sprekers is daar veral twee temas wat sterk na vore tree, naamlik die betroubaarheid van hierdie profetiese boek asook die wederkoms van Jesus wat naby is.

Tussen die inleiding (proloog Openbaring 1:1-8) en hierdie laaste 16 verse (epiloog Openbaring 22:6-21) is daar 'n opvallende parallel:

Proloog (1:1-8)		**Epiloog (22:6-21)**
1:1	Die openbaring kom van God self	22:6
1:1	Wat binnekort moet gebeur	22:6
1:1-2	Johannes getuig oor die dinge	22:8
1:2	Johannes het dit alles gesien	22:8
1:3	Geseënd is elkeen wat hierdie boekrol lees en gehoorsaam	22:7, 9-10
1:3	Die eindtyd is naby	22:10
1:3	Geseënd is elkeen wat hierdie profesie gehoorsaam	22:7, 10
1:4	Die gemeentes in Asië	22:16
1:3, 6	Die uitdaging aan die gelowiges	22:7, 9, 11, 14, 17
1:7	Kyk, Hy kom op die wolke	22:7, 12, 20
1:8	Ek is die Alfa en die Omega	22:13

Hierdie parallel tussen die begin en die einde van die boek beklemtoon dat die Here en sy opdragte aan die kerke nie verander het nie. Niks van wat in die eindtyd gebeur, kan 'n verandering bring aan dit wat die Here ons God in sy raadsplan vasgestel het nie.

Hierdie laaste 16 verse kan breedweg soos volg ingedeel word:

- Wees gehoorsaam aan die woorde van hierdie boek (22:6-7)
- Die engel se slotwoorde (22:8-11)
- Jesus Christus se slotwoorde (22:12-19)
- Moet niks bylas by of wegneem uit hierdie boek nie (22:18-19)
- 'n Laaste bede (22:20-21)

Wees gehoorsaam aan die woorde van hierdie boek (22:6-7)

Vers 6 en 7

En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die

God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur.
Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.

- In vers 6 is die engel aan die woord.
- Hy beskryf die woorde van hierdie Openbaring as *betroubaar en waaragtig*.
- Dit is al die derde keer wat hierdie woorde so genoem word (Open 19:9; 21:5).
- Hiermee word die noue verbintenis tussen die Woord en Christus ook gelê:
    - Christus is **betroubaar**

      Johannes aan die sewe gemeentes in Asië:

      Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! (Openbaring 1:4-5a AFR1953)

      En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: (Openbaring 3:14 AFR1953)
    - Christus is **waar**

      En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: (Openbaring 3:7 AFR1953)

      En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: (Openbaring 3:14 AFR1953)

      Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. (Openbaring 19;11 AFR1953)
- Openbaring is dus nie ’n drama of ’n storie deur mense uitgedink nie.
- Geïnspireer deur die Heilige Gees het Johannes God se doel en plan met die wêreld neergeskryf.
- Ons sou seker baie meer wou weet, maar God het dié Openbaring gegee, want Hy weet dat dit vir ons nou genoeg is om ons te laat uitsien na die volmaakte en ewige saamwees met God.
- Johannes tree as profeet op soos die heilige profete van die Ou Testament.
- Johannes is alles gewys wat God geopenbaar het om dit neer te skryf vir die diensknegte – die gelowiges.
- Die Heilige Gees lei ons deur hierdie woorde heen om te sien wat binnekort moet gebeur.
- Met die beskrywing van die eindgebeure word die nabyheid van Christus se wederkoms skerp vir ons geteken sodat ons dit enige oomblik kan verwag.
- Oor die feit van Christus se wederkoms hoef ons nooit te twyfel dit nie – dit sál gebeur.
- Oor wanneer dit gaan gebeur, hoef ons nie bekommerd te wees nie, want God bepaal dit self – elkeen moet altyd gereed wees vir die wederkoms van Christus.
- In vers 7 is Jesus Christus self aan die woord – **Kyk, Ek kom gou!**
- Dan vervolg Jesus met ’n seën: **Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.**

- Elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek bewaar, is geseënd deur Christus.
- *Bewaar* in hierdie sin dra die betekenis van *aanvaar* en *jou eie maak* en *om volhardend te gehoorsaam*.
- Die betroubare woord dat Jesus weer kom moet 'n lewende werklikheid wees vir elke gelowige en dit behoort weerklank te vind in die gelowige se lewe van elke dag.

Die engel se slotwoorde (22:8-11)

Slegs God moet aanbid word (22:8-9)

Vers 8 en 9

En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het.
Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.

- Johannes is so oorweldig deur wat hy gesien en gehoor het.
- Sy oombliklike reaksie was om voor die voete van die engel neer te val om hom te aanbid.
- 'n Mens kan allerhande sielkundige verklarings vir hierdie optrede gee, maar dit bly verkeerd.
- Om enigiets of enigiemand anders behalwe God te aanbid is afgodediens.
- Johannes het al 'n vorige keer ook hierdie selfde fout gemaak (19:10).
- Die heilige engel wys Johannes dadelik tereg, soos die vorige keer – **Moenie! Aanbid God!**
- Die rede is voor die hand liggend – die engel is 'n mededienskneg van Johannes en die profete.
- Die engel is ook 'n skepsel en 'n dienskneg van God.
- Die engele is in diens van God ter wille van die gelowiges (NGB, Art 12).

Die boek moenie geheim gehou word nie (22:10)

Vers 10

En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby.

- Hierdie profesieë – die wil van God vir die hede en die toekoms – mag nie verseël word nie.
- Dit mag nie geheim gehou word nie.
- Die profesieë is juis vir die kerk van die Here bedoel – dit moet aan hulle bekend gemaak word.
- Wat voorheen verborge moes bly (Dan 12:4), moet nou bekend gemaak word.

  En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.
  (Daniël 12:4 AFR1953)

- Die rede vir hierdie opdrag: **want die tyd is naby**.
- Die tyd is die eindtyd.
- Die hoogtepunt van die eindtyd is die wederkoms van Christus – almal moet dit weet.
- Dit is met hierdie selfde woorde waarmee die boek begin het – die eindtyd is hier, Christus kom (Open 1:3, 7).
- En die leefstyl vir die gelowiges in die eindtyd behels om God te aanbid en heilig te lewe.

Leef heilig (22:11)

Vers 11

Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.

- In hierdie vers word aangesluit by die gelykenis wat Jesus oor die onkruid tussen die koring vertel het (Matt 13:24-30).
- Die goddelose mense sal tot op die finale einde voortbestaan op die aarde.
- Naas die goddelose mense sal ook die gelowiges op die aarde bly voortbestaan tot die finale einde toe.
- Ongeag die gedrag van mense en keuses wat hulle maak, die vervulling van die woorde in die profesie sal voortgaan.
- Die tyd is kort en elkeen moet sy leefwyse kies.
- Die lewenstyl van sonde sal toeneem, en ’n lewe in getrouheid aan die Here sal ook toeneem in heiligheid.
- Op die dag van die Here sal aan die lig kom wie die regte keuse gemaak het.
- Vir die goddelose mense is hierdie woorde nog ’n laaste waarskuwing.
- Hulle wat kies om die pad van goddeloosheid te bewandel moet ook weet wat hulle uiteinde is.
- Vir die mense wat hulle aan die heerskappy van Christus onderwerp, is daar die troos dat die Heilige Gees nog heiliger sal maak.

Jesus Christus se slotwoorde (22:12-19)

Eerste uitspraak

Vers 12

En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

- Hierdie uitspraak is woordeliks dieselfde as die een in Openbaring 22:7.
- Die wederkoms van Christus is die kernboodskap van hierdie hoofstuk.
- Met hierdie uitspraak word die lesers weer daarop gewys om die Here alleen te aanbid en ’n heilige lewe te lei.
- Wanneer Christus weer kom, bring Hy sy loon saam om elkeen volgens sy werke te vergeld.
- Die goddelose se loon is die ewige verderf saam met die Satan en die dier.
- Die getroue diensknegte se loon is die ewige volmaaktheid saam met God op die nuwe aarde.
- Die getroue diensknegte se loon is ’n genadeloon (HK, Sondag 24:63).
- Jesaja het ook van so ’n loon geprofeteer:

  Kyk, die Here HERE sal kom as ’n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig. (Jesaja 40:10 AFR1953)

Tweede uitspraak

Vers 13

Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

- God is al twee keer so genoem (Open 1:8; 21:6).
- Christus is ook al een keer so genoem (Open 1:17).
- Die agtergrond van hierdie uitspraak is Jesaja 44:6

So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie. (Jesaja 44:6 AFR1953)

- God is die Begin van alles en Hy is die Voleinder van alles.
- Christus is die Begin van die eindtyd toe Hy uit die dood opgestaan het.
- Hy is die Voleinder van alles, want Hy sal as Regter kom om te oordeel oor die lewendes en dooies.

Derde uitspraak

Vers 14 en 15

Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.

- Hierdie seënspreuk of saligspreuk is die laaste een in 'n reeks van sewe seënspreuke dwarsdeur die boek Openbaring.
- Hierdie reeks seënspreuke word gevind in Openbaring 1:3; 14:13; 16:15; 19:9; 20:6; 22:7 en 22:14.
- Hierdie saligspreuk maak dit nogeens duidelik dat daar net een van twee eindbestemmings is.
- Die beste tekslesing van die oorspronklike is soos wat dit vertaal is in die 1983-vertaling – **Geseënd is dié wat hulle klere was**.
- Hierdie woorde stem ooreen met Openbaring 7:14 wanneer daar van die groot menigte gespraat word: **En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.**
- Die mense wat die verlossing wat Christus gebring het met albei hande aangegryp het en deur die geloof hulle eie gemaak het, dit is hulle wat hulle klere was.
- Die klere wat gewas is, herinner ook aan die woorde in Openbaring 19:8: **En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**
- Slegs deur Christus het die gelowiges die reg om van die boom van die lewe te eet en in die stad in te gaan.
- Die verlostes is ook die mense wat nougeset daarop let om die gebooie van God te doen, want hulle lewe *coram Deo* (in teenwoordigheid van God).
- Teenoor die seënspreuk met die heerlike gesig van die verlostes binne-in die stad, word daar in vers 15 'n hartseerprentjie geteken van diegene wat nie in die stad mag inkom nie.
- Die mense wat in vers 15 genoem word, is diegene wat gekies het om nie gehoorsaam aan die Here te lewe nie.
- Die honde is die dwaalleraars wat 'n valse leer verkondig (Fil 3:2).
- Towenaars is mense wat met twyfelagtige praktyke van toorkuns mense bedrieg.
- Die ander sondes is sondes wat goed bekend is en keer op keer word daar gesê dat sulke mense nie die koninkryk sal beërwe nie.

Vierde uitspraak

Vers 16a

Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig.

- In Openbaring 1:1-2 is God die Sender; nou is Christus die Sender.
- Christus het sy engel gestuur om hierdie dinge te betuig.
- *Hierdie dinge* is alles wat binnekort moet gebeur, met as hoogtepunt die wederkoms van Jesus.
- Hierdie boodskap mag nie teruggehou word nie.
- Die kerk van die Here moet dit hoor tot troos.
- Die wêreld moet dit hoor sodat die ongelowiges tot bekering geroep kan word.

Vyfde uitspraak

Vers 16b

Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

- In hierdie uitspraak stel Christus Homself nog ’n keer bekend.
- In Openbaring is drie sulke *Ek is*-uitsprake – Openbaring 1:8; 1:17 en 22:16b.
- Hierdie titels van Christus is vroeër ook genoem:

  Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek. (Openbaring 5:5 AFR1953)

  En Ek sal hom die môrester gee. (Openbaring 2:28 AFR1953)

- Christus is die wortel van Dawid – Christus is die oorsprong waaruit Dawid voorgekom het.
- Christus is ook die nakomeling van Dawid (Jes 11:1; Luk 1:69).
- Christus is die Uitvoerder van God se heilsplan in die geskiedenis ooreenkomstig die profesieë aangaande Dawid uit wie se geslag die Messias sou voortkom.
- Die titel *Môrester* kom uit Numeri 24:17:

  Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: ’n ster kom te voorskyn uit Jakob, en ’n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver.
  (Numeri 24:17 AFR1953)

- Christus is skitterend in sy heerlikheid, maar Hy is ook Aankondiger van die volle daglig wat aan die kom is.

Sesde uitspraak

Vers 17

En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

- Christus se slotwoorde word voortgesit deur die Gees en Bruid wat uitroep: **Kom!**
- Hierdie woorde is ’n dringende oproep na die lesers wat nog op die kantlyn staan en hulle nog nie volledig aan die Here oorgegee het nie.
- God wil nie hê dat die sondaar weens sy sonde sterf nie.
- Tot op die laaste bladsy van die Bybel roep Hy mense na Hom toe.
- Die kerk is tot op die laaste oomblikke van hierdie wêreld in diens van God om die mense tot geloof op te roep.
- Niemand word weggewys om van die water van die lewe te kom drink nie.

Sewende uitspraak

Vers 18 en 19

Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

- Die uitspraak van vers 18 is weergalming van Spreuke 30:5-6:

  Elke woord van God is gelouter; Hy is ’n skild vir die wat by Hom skuil. Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as ’n leuenaar openbaar word nie. (Spreuke 30:5-6 AFR1953)

- Met hierdie woorde bevestig Christus self die gesag van die boek Openbaring se inhoud.
- Hierdie woorde slaan nie net op die boek Openbaring nie maar ook op die hele Bybel omdat die Bybel ’n eenheid van boeke is, geskryf deur die Heilige Gees.
- Hierdie selfde vermaning word gerig ten opsigte van die Wet – *Torah*

  Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel. (Deuteronomium 4:2 AFR1953)

’n Laaste bede

Vers 20 en 21

Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!
Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.

- Christus getuig dat Hy beslis kom.
- Getuig is nie net ’n mededeling nie; dit is ’n regsbevestiging.
- Christus voer daadwerklik sy Vader se plan uit, en Hy doen dit opreg en met oorgawe.
- Met hierdie woorde bevestig die Here Jesus vir die derde keer dat Hy beslis kom (Open 22:7, 12, 20).
- Die kerk antwoord bevestigend in ’n smeekbede dat Christus moet kom en hulle sien met verlange uit na sy koms.
- Die woorde van vers 21 is ’n seëngroet van Johannes aan die lesers van die boek.
- Mag die Here Jesus deur sy Gees julle begelei om die inhoud te hoor, te bewaar en uit te voer.